



# FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: [fichpos@fpark.co.za](mailto:fichpos@fpark.co.za)

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Met die eksamen wat 23 Mei begin, voorsien ons leerders graag van wenke vir die suksesvolle aflegging van eksamens.

## TIEN WENKE VIR SUKSES IN DIE EKSAMEN

1. Werk hard: Jy kan nie positiewe resultate verwag indien jy nie hard werk en goeie voorbereiding doen nie.
2. Moenie wag tot die laaste minuut nie: Moenie tot op die nippertjie wag om te studeer nie. Dit plaas groter druk op jouself, en maak jou meer angstig. Deur betyds te begin sal jou meer selfvertroue gee en jou ook die kans gee om meer as een keer deur die inhoud te gaan en vas te lê.
3. Behou goeie gewoontes tydens die eksamen: Sorg dat jy gedurende eksamentyd gesond eet en die nodige slaap inkry. Jy kan selfs oefeninge doen – veral waar jy tussen studiesessies 'n breek neem.
4. Werk ou vraestelle uit: Dit is uitstekende voorbereiding vir die eksamen. Dit gee 'n goeie aanduiding van die tipe vrae en die formaat waarin die vraestel opgestel kan word. Dit help om jou skryftempo en –tyd vir die eksamen te verfyn.
5. Daag betyds by die eksamenlokaal op: Maak seker jy daag betyds by die lokaal op. Indien jy laat kom sal jou stresvlakke verhoog. Sorg dat jou potlode, penne en ander skryfbehoeftes in orde is, sodat jy rustig en gefokus kan skryf.
6. Lees die instruksies deeglik: Oorhaastigheid en stres veroorsaak dat leerlinge dikwels nie die instruksies reg lees nie. Hierdeur verloor hulle baie punte. Jy moet presies weet wat van jou in die vraestel verwag word. Maak byvoorbeeld seker van die keuses en die aantal vrae wat beantwoord moet word.

7. Lees die vrae deeglik: Stres en angs kan veroorsaak dat vrae nie reg geles word nie. Lees elke vraag aandagtig en beantwoord dit wat gevra word. Dit gebeur gereeld dat leerlinge en studente verkeerd antwoord, omrede hulle nie sekermaak van dit wat spesifiek gevra word nie. Hou jou antwoord by dit wat gevra word.
8. Bestuur jou tyd: 'n Groot probleem vir baie studente is om binne die vasgestelde tyd hul antwoordstelle te voltooi. Dikwels word vrae uitgelos waarvan die student wel die antwoord weet.
9. Begin met vrae wat jy goed ken: Beantwoord die vrae wat jy goed ken eerste, want dan weet jy daardie punte is geboek. Dit sal ook jou rustiger maak en jou selfvertroue 'n hupstoot gee.
10. Gebruik die volle tyd tot jou beskikking: Sommige studente jaag die vraestel af en probeer so vinnig moontlik uit die eksamenlokaal kom. Bestuur jou tyd reg, spandeer genoeg tyd aan elke vraag en wanneer jy klaar geskryf is en daar is nog tyd oor, gaan weer deur jou antwoorde. Dalk kan jy nog 'n paar punte byvoeg. Maak onder andere seker jou berekening is korrek. Verander egter jou antwoord slegs wanneer jy doodseker van jou saak is.

## UITSLAE

### **Tennis**

Eerste seunspan wen Hoërskool Jim Fouché met 24 spelle.

### **Landloop**

Geluk aan die volgende landloop-atlete wat die volgende plekke met die liga behaal het:

- Lize Ackerman – 3de plek
- Mianda Nel – 4de plek
- Willie Volschenk – 5de plek

### **JKS-Karate**

Baie geluk aan Francois en Charl van Zyl wat gekies is vir die Wêreldkampioenskappe in Ierland vanaf 21 tot 28 Augustus.

### **Hokkie**

o/14A Seuns wen 3-2 vs. Hoërskool Grey B.

o/18C Dogters speel gelykop 3-3 vs. Dr. Viljoen se 1ste span.

Vervolg...

### Provinsiale hokkie (meisies)

Baie geluk aan Dyso Lohohla wat gekies is vir die Suid-Vrystaat span.

### Rugby

o/14B wen 48-10 vs. Ficksburg o/ 14A

## GRAAD 8 TOERVERGADERING

Ouers wat nie die toervergadering kon bywoon nie, kan steeds 'n inligtingsdokument by die kantoor afhaal. Die leerder kan dit kom afhaal, geen dokumente gaan ge-epos word nie.

## INTER TE LANDBOUDAL – SATERDAG – 11 MEI 2019

### Rugby

Tyd	A-Veld	B-Veld
09:00	0/14 A	
10:00	0/15 A	0/19 C
11:00	0/16 A	0/14 B
12:10	0/19 B	
13:30	0/19 A	

### Hokkie

Tyd	A-veld
09:30	0/18 A - Dogters
10:30	0/16 A - Dogters
11:30	Oud Lantie wedstryd

### Netbal

Tyd:	Baan A
09:00	0/16 A
09:45	0/14 A
10:30	0/19 A

Busse vertrek om 05:45

Busgeld – R100.00 per leerder.